# Nog steeds geslote eredienste? Deel 1

I W C van Wyk
Hervormde Teologiese Opleiding
Tydelik-deeltydse dosent: Universiteit van Pretoria

Abstract
**Should church services still be closed? Part 1**
*This paper - in two parts - deals with the question of whether the Nederduitsch Hervormde Church should continue being a church for white persons only. The auther argues that this practice is not according to biblical teachings, and at the same time, that it will be unwise to continue it under the future sociopolitical circumstances in South Africa. He therefore calls on the Nederduitsch Hervormde Church to abandon this practice as it will bring the church into conflict with its own theological tradition.*

*Die groot twiste van die toekoms sal rassetwiste wees, en die groot vraagstuk sal 'n rassevraagstuk wees (SP Engelbrecht [1929] 1978:3)*

## 1. INLEIDING

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is waarskynlik die enigste kerk (behalwe die APK) wat nog 'n kerkordelike reëling het dat sy eredienste slegs deur blankes bygewoon mag word. Vir ander kerke en teoloë is so 'n reëling 'n teologiese onmoontlikheid. Dit is onmoontlik om op grond van die Skrif by 'n ordereëling uit te kom wat sekere mense verhoed om saam met jou na die Woordverkondiging te luister. Vanselfsprekend word hierdie reëling deur ander kerke bevraagteken en veroordeel. So het die Wêreldbond van Hervormde Kerke in die lig van ons Artikel III en die daarmee samehangende reëling dat slegs blankes die eredienste van die Ned Herv Kerk mag bywoon, op 26 Augustus 1982 besluit om die lidmaatskap van die kerk op te hef. Waarop dit neerkom, is dat die Wêreldbond, na talle vermanings, ons kerk 'getug' het, aangesien ons ons skuldig maak aan 'teologiese kettery' (kyk vir 'n volledige oorsig, Nordholt 1983; Van Wyk 1993). Of 'n mens nou teologies deur hierdie gebeure aangespreek voel of nie, die feit bly staan dat ons ons as 'n Reformatoriese kerk self grondig sal moet ondersoek. Ons moet opnuut vasstel of hierdie reëlings in ons dag, in 'n 'nuwe Suid-Afrika' nog

* Hierdie artikel gaan terug na 'n referaat wat die skrywer tydens die jaarlikse predikantevergadering op 14 September 1993 gelewer het.

gehandhaaf en verdedig kan word en of alles wat ter verdediging van hierdie reëlings aangebied word, met die Bybels-Reformatoriese leer in ooreenstemming is. Niemand moet illusies daaroor hê, dat dit 'n pynlike proses sal wees nie. Aparte, of dan geslote eredienste is eie aan die Hervormde Kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het eers in 1857, op grond van die 'swakheid van sommiges' aparte eredienste begin hou. In die Voortrekker-republieke was dit van die begin af anders. Daar was van die begin af gereël dat daar aparte eredienste sal wees (Pont [1959] 1978:101). Om van jou diepste wortels uit te trek en om aan een van die fondamente van die volk te peuter (Koekemoer [1961] 1978:122), is nie maklik nie; maar as dit tot die welwese van die kerk sal wees, móét dit gedoen word. Wat Pont in 1959 gesê het, moet onthou word:

> Die werk van die kerk in die verlede is nie heilsnoodwendig vir alle tye tot in ewigheid nie en kan dit ook nie wees nie. Heils-noodsaaklik vir alle tye is alleen die Woord van God...Daarom moet onthou word dat die kerkreg en die beslissings van die kerk in die verlede op die terrein van die kerkreg alleen maar relatiewe waarde het. Die kerklike reg is en bly altyd *ius humanum* en as sodanig vir verbetering vatbaar. Hoewel die kerk steeds sy eie reg gehoorsaam moet wees, moet die kerk terselfdertyd steeds bly erken dat die kerkreg altyd aan die primêre, grondliggende *ius divinum* onderworpe bly.
>
> (Pont [1959] 1978:103-104; sy beklemtoning)

## 2. GESLOTE EREDIENSTE VAN DIE HERVORMDE KERK BINNE HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die verwagting bestaan seker, dat 'n dogmatikus op 'n dogmatiese wyse na geslote eredienste sal kyk. Ek is egter van mening dat dit hier geen sin het om dogmaties met die onderhawige probleem om te gaan nie en wel om twee redes. Eerstens is geslote eredienste, dogmaties en eties, 'n onmoontlikheid[1]. Tweedens moet die Hervormde Kerk se standpunt vanuit 'n historiese perspektief benader word. Oor die geslote eredienste van die Hervormde Kerk kan slegs sinvol debat gevoer word, wanneer daar begrip vir die ontstaansgeskiedenis van hierdie ordereëling bestaan. Slegs binne die kader van die wordingsgeskiedenis van Artikel III en wat daarmee saamhang, kan daar sinvol binne ons kerk en met ons kerk oor geslote eredienste gedebatteer word. Dit beteken egter nie dat ons suiwer histories en polities na die saak moet kyk nie. Wat ons wel moet doen, is om die sentrale begrip waarop die Hervormde Kerk se teologie in die verlede gebou was, vas te stel. Daar kan min twyfel daaromtrent bestaan, dat hierdie begrip *vryheid* is. Verder moet ons dan vasstel op watter wyse die vryheidbegrip binne die Hervormde teologie tot dusver

gefunksioneer het. Die begrip vryheid het tot dusver as 'n 'oriënterende begrip' en nie as 'n 'topiese begrip' gefunksioneer nie. Dit beteken dat die Hervormde Kerk met die gebruik van die begrip 'vryheid' nie leermatige uitsprake nie, maar handelingsmatige uitsprake gemaak het[2]. Om hierdie rede moet 'n mens dus op die terrein van die sosiale etiek beweeg, aangesien die hele saak van geslote eredienste, binne die verwysingsraamwerk van die Hervormde Kerk, vanuit sosiaal-etiese perspektief beredeneer is. Sou mens vanuit 'n suiwer dogmatiese oogpunt met ons kerk in gesprek tree, sal daar by mekaar verby geredeneer word.

### 2.1 Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die stryd om vryheid

Baie teoloë van naam het geen begrip en simpatie vir Artikel III en die geslote eredienste van die Hervormde Kerk nie. Die rede daarvoor is dat hierdie kerkordelike reëlings die indruk wek, dat dit met niks anders as wrede rassisme te make het nie. Natuurlik wil sekere Hervormers dit ook so hê, maar histories sal dit moeilik bewys kan word. Hierdie sake het eerder met die vryheidsproblematiek as met rassisme te make. Ek wil beweer, dat die teologie van die Hervomde Kerk 'bevrydingsteologie', Artikel III 'n 'vryheidsartikel' en geslote eredienste 'n 'simbool van vryheid' is.

Wolmarans het in 1953 die volgende aangaande ons voorouers gesê:

> Ons mag God dank dat ons voorouers mense was wat geweet het wat en wie hulle was, mense wat hier na Suid-Afrika gekom het nie ter wille van die geld of die goud nie, maar ter wille van die geloof en ter wille van 'n vrye volksbestaan...Hulle was die draers van twee soorte van vryheid: Die vryheid van die Christelike geloof en godsdiens en staatkundige vryheid; vryheid wat hulle vir hulle self opgeëis het, maar wat hulle regverdigheidshalwe ook aan ander groepe, ook die Nie-Blanke gegun het. Hierdie vryheidsgees, godsdienstig en staatkundig, het die geboorte gegee aan die unieke lewens-en wêreldbeskouing van die Voortrekkers en hulle nageslag, naamlik die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, wat die allerkosbaarste erfenis is wat ons voorgeslagte ons ooit kon nagelaat het.
>
> (Wolmarans [1953] 1978:23)

Hierdie vryheidsvisie van die vadere sou die dryfveer agter en die teologiese grondmotief van ons kerk se omstrede teologie en kerkorde word. Wanneer dít weer besef word, sal ons met nuwe begrip en waardering na ons teologiese erfenis kan kyk. Ons sal egter ook met ander, meer relevante argumente[3], die tradisionele standpunt van ons kerk krities kan beoordeel.

### 2.1.1 Staatkundige vryheid

Pont (1969) het oortuigend aangedui dat die Groot Trek nie maar net 'n uittog uit die Kaapkolonie was nie, maar veel eerder 'n manifestasie van 'n volkswording. Die boere het die drif en drang gehad om selfstandig te ontplooi. Hulle het gesmag na 'n vrye en selfstandige bestaan, weg van die Engelse owerhede af. Alhoewel die trekkers nie in alle opsigte 'n gemeenskaplike vryheidsvisie gehad het nie, het die anneksasie van Transvaal in 1877 en die daaropvolgende oorlog van 1880-1881 die republikeinse Afrikaner in 'n volkseenheid saamgesnoer in sy strewe na vryheid en 'n eie, onafhanklike vaderland waar sy godsdiens, taal en kultuur veilig sou wees (Pont 1991:796). Die tweede vryheidsoorlog, wat ook deur die Afrikaners verloor is, kon hierdie drang ook nie vernietig nie. Dit is ook te betwyfel of die 'nuwe Suid-Afrika' hierdie ideaal heeltemal sal laat verdwyn. Afrikanerskap is sinoniem met 'vryheidstrewe'. Hierdie strewe na vryheid as onafhanklikheid, selfstandigheid en selfbeskikking was die diepste wortel van Artikel III en die daarmee samehangende geslote eredienste. Wie dít miskyk, sal by die eintlike punt waarom dit gaan, mis.

#### 2.1.1.1 Die eenheidsband tussen staatkundige en godsdienstige vryheid

Die politieke vryheidsideaal van die Voortrekkers is volledig deur die 'kerk' ondersteun. Dit kon trouens ook nie anders nie, aangesien daar so 'n noue band tussen 'volk' en 'kerk' bestaan het. Dieselfde persone wat hulle tot die 'volk' gereken het, het hulle ook tot die 'kerk' gereken. Daarom het hierdie persone wat die Groot Trek meegemaak het, nie net hulle Britse burgerskap nie, maar ook hulle lidmaatskap van die Kaapse Kerk in die Kaapkolonie agtergelaat. Hulle wou nie net 'n nuwe staatkundige bedeling skep nie, maar ook 'n nuwe kerklike struktuur waarin hulle in vryheid die Here kon dien (kyk Pont 1969:204). 'Volk' en 'kerk' het 'n eenheidsfront teen sowel die Britse owerheid as die Kaapse Kerk gevorm, aangesien die Engelse die Kaapse Kerk gebruik het om die boere van hulle fundamentele regte (soos hulle taalreg) te ontneem.

Konsekwent het die Afrikaners daarna getrag om hulle vryheid in staat en kerk teenoor die Engelse owerheid en die Kaapse Kerk te handhaaf. Vir hulle sou vryheidsverlies op die een terrein ook vryheidsverlies op die ander terrein tot gevolg hê. In die kerk is daarom 'n prinsiep gevolg waarvolgens daar onder geen omstandighede 'n situasie geskep sou word waardeur sy godsdienstige onafhanklikheid – en sodoende die volk se politieke onafhanklikheid – in gevaar gestel kon word nie. Daar is daarom konsekwent daaraan vasgehou om onder geen omstandighede onder die invloed van Kaapse predikante te kom nie. Alhoewel hierdie prinsiep van vroeg af met die maatskaplike werklikhede gebots het (daarna kom ons in punt 3.1 terug) het die Afrikaners die prinsiep tog bo alles gestel. Dit was veral ds Van der

Hoff wat op voetspoor van die Voortrekkers aan hierdie prinsiepe-denke vasgehou het. Hy het aangedring op getrouheid aan dié kerkpolitieke tradisie. Die Algemene Kerkvergaderings van Augustus en November 1853 het daarom besluit om hulle kortstondige verbintenis met die Kaapse kerk weer te verbreek, en het die standpunt ingeneem: '...burgerlijk vrij en onafhankelijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke' (Van der Hoff, aangehaal by Pont 1969:207)[4].

In die ongekompliseerde vyftigerjare van die 19e eeu het die kerk ook 'n volgende rol teenoor die staat speel. Die volk was die kerk en die kerk was (in 'n groot mate) die volk. Probleemloos en vanselfsprekend kon die Nederduitsch Hervormde Kerk dan ook in 1858 die volkskerk van die ZAR word. Hierdie kerk was die tuiste van die Voortrekkers en hulle nasate. Daarom het die kerk ook voortgegaan om die staatkundig-maatskaplike ideale van die Transvaalse volk, sy lidmate, te dien (Pont 1969:209; Storm 1989:128-132). In die bedeling na 1900 (kyk Botes 1991), het hierdie verhouding nie juis verander nie. Die Hervormde Kerk as volkskerk, het voortgegaan om sy intense eenheidsband met die volk en sy vryheidstrewe te handhaaf. Die sprekendste voorbeeld hiervan skilder Botes (1991:802-803) as hy skets hoe die volksverraaiers en hensoppers deur die kerkrade na afloop van die oorlog, in 'n tugproses gedwing is om hulle skuld te bely, aangesien hulle gesondig het om die Engelse se hand te sterk.

#### 2.1.1.2 Die kerk as verdediger van die staatkundige vryheid

Die ineengevlegdheid tussen volk en kerk het deur die jare 'n invloed op die kerk se rol en selfverstaan gehad. Die kerk het voortgegaan om sy rol te sien as die verdediger van die vryheidsideale van die volk. Sy selfverstaan het daarom ook in die rigting geneig waar hy homself as 'n bolwerk teen die dreigende vryheidsverlies van die volk gesien het.

In die tydperk van die Groot Trek, het die 'kerk' min invloed op die burgerlike owerheid uitgeoefen, aangesien die belange van die 'kerk' deur die 'owerheid' behartig is. Dit beteken egter nie dat die Christelike evangelie nie groot invloed op hierdie mense uitgeoefen het nie (kyk Pont 1969:204). Wat van belang is, is die feit dat die invloed vanaf die 'kerk' na die 'owerheid' minimaal was, terwyl die invloed vanaf die 'owerheid' en volk op die 'kerk-in-wording' en later op die kerk weer baie groot was. Dit was juis die Algemene Kerkvergadering van 1853 wat dit duidelik uitgewys het. Daar het die staatkundig-politieke opvattings van die volk 'n baie besliste stempel op die kerk afgedruk (Pont 1969:207). Nie die pastorale behoeftes van die lidmate (die noodsaaklikheid van 'n predikant, al sou dit beteken dat hy uit die Kaap kom) was op die ou einde die belangrikste argument gewees nie, maar wel die vryheidsidee van die volk.

Die noue band tussen kerk, volk en vryheidsideaal het dus 'n deurslaggewende invloed op die kerk se selfverstaan gehad. Pont (1969:214) verwys na na die notules van die Algemene Kerkvergadering van 1888 en meer spesifiek na die *Broederlijk Schrijven* wat deur die Algemene Vergadering uitgegee is en wat 'n uitspraak aangaande die selfverstaan van die kerk maak:

> Onze Kerk, de Nederduitsch Hervormde, is de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk, dat de Republiek heeft gesticht. Even als de Staat wenschten zij de Kerk in te richten, overeenkomig de heilige verordeningen Gods, maar teven als waarborg van hare staatkundige onafhankelijkheid ...Onze vaderen wilden zichzelven zijn; geen kerklijke invloed van onderdanen van Engelsche bestuur: de mannen die de Republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelden zich ook in staat een eigen kerk op te richten: voor het volk, om het volk en door het volk! Laat ons het voorbeeld onzer vaderen in eere houden! Het is bewonderenswaardig hoe onze vaderen met vaste stap op den rechten weg zijn voortgegaan.

Dit is dus duidelik dat die kerk homself as die voortsetting van 'de nationale volkskerk' gesien het. Daarom het hy homself (as die kerk wat deur die vadere *opgerig* is) gesien as die kerk wat die verantwoordelikheid het om naas die evangelieverkondiging, ook 'n bolwerk te vorm vir die ou Voortrekkerideaal van politieke vryheid. In hierdie opsig is die kerk as die waarborg en as die legitimeerder van die sosiale orde gesien.

Hierdie probleemlose identifisering van volkskerk en volk is egter deur 'n politieke en 'n kerklike gebeurtenis versteur. Die anneksasie van Transvaal in 1887 en die kerkvereniging van 1885 het die Hervormde kerk van sy status, sy staatkundige posisie en sy invloed ontneem. Ten spyte van hierdie posisieverskuiwing van die kerk, is daar op die Algemene Kerkvergadering van 1888 beklemtoon dat die Nederduitsch Hervormde Kerk sy taak as kerk bly sien, om benewens die evangelieverkondiging, ook op staatkundig-kulturele vlak sy rol te bly speel as 'de nationale volkskerk' (vgl Pont 1969:211). Twee beginsels is op hierdie vergadering herbevestig wat as riglyn vir kerk en volk moes dien, naamlik: stryd teen vreemde oorheersing en stryd teen gelykstelling met kleurlinge (Pont 1969:213). Die Nederduitsch Hervormde Kerk het dus na 1888 tot vandag toe, as 'n onbelangrike kerkie, voortgegaan om die mondstuk te wees van die ou vryheidsideale van die Voortrekkers.

In die jare 1949/50 het A J G Oosthuizen in drie belangrike artikels in *Die Hervormer* die tradisionele standpunt van die kerk in 'n nuwe epog verdedig. Volgens hom het die basiese probleme onveranderd gebly. Hierdie probleme stel Oosthuizen soos volg:

> Ons het in Suid-Afrika ongeveer agt miljoen Nie-Blankes teenoor twee miljoen Blankes. Die agt miljoen Nie-Blankes is vir 'n klein deeltjie halfbeskaaf en vir die grootste gedeelte totaal onbeskaaf...Die getal van die stedelike Nie-Blankes groei by die dag...Hulle bly net so primitief en barbaars as wat hul voorgeslag was, behalwe dat hulle 'n vernis van beskawing kry...Wat moet met hierdie Nie-Blankes gedoen word? Aan hulle al die regte gee wat Blankes het sou die uitroeiing van die Blankes beteken, en terselfdertyd die ondergang van die Nie-Blankes. Hulle altyd op hul plek hou deur paswette, polisiebeheer, lokasies en kampongs, sal binnekort onmoontlik wees, en sal op die lang duur ook on-Christelik wees. Die Nie-Blankes moet tot mondigheid kom en volwaardige volkstatus bereik. Hoe om dit te doen en nog 'n blanke beskawing te behou, is die probleem.
>
> (Oosthuizen [1949/50] 1978:8-9)

Die soeke na 'n oplossing was vir Oosthuizen werklik 'n gewetensaak. Hy het onder andere gesê:

> Die kerk kan nooit onderdrukking en verontregting goedkeur nie. Vir almal wat onreg wil pleeg, al is dit ook ter wille van selfbehoud, moet die kerk aansê dat dit in stryd met die Woord van God is.
>
> (Oosthuizen 1978:11)

Volgens hom was daar net een 'blywende regverdige en Christelike oplossing' en dit is 'om die land te verdeel in 'n blanke staat en verskeie nie-blanke- en kleurlingstate'. Dan voeg hy duidelik daarby, dat:

> hierdie oplossing nie dieselfde is as wat onder apartheid verstaan word nie, soos die woord in politieke kringe gebruik word nie, maar dit is dieselfde as wat ons vaders onder segregasie verstaan het. Nie aparte woonbuurtes, maar nog in een staatsverband nie, maar aparte state, naas mekaar. Of die huidige beleid 'n stap in die regte rigting is, laat ek in die midde.
>
> (Oosthuizen 1978:12)

Oberholzer (1969) stel in sy oorsig oor die jare 1959-1969 dat alhoewel die politieke situasie dramaties teenoor die jare van die ZAR verander het, die kerk in hierdie tydperk nog steeds 'n noue band met die volk gehandhaaf het. Die kerk het byvoorbeeld betrokke geraak by die nasionale stryd teen die internasionale bedreiging van die vyftiger en sestiger jare. In 1957 het die Algemene Kerkvergadering 'n besluit geneem dat kerkrade en kommissies voorkeur aan Afrikaanse handelsinstellings moet gee. Daar is ook besluit dat die kerk by verskillende Afri-

kaanse kultuurorganisasies betrokke moes raak, om op hierdie wyse die Afrikanersaak te bevorder. Die kerk het sy lidmate ook aangemoedig om deel te neem aan die verskillende nasionale volksfeeste en dankfeeste. Die kerk het selfs die Afrikaner Broederbond as 'n edele en lofwaardige organisasie beskryf.

Dit was egter die kerk se verdediging van die apartheidsbeleid, wat in hierdie jare die besondere band tussen kerk en volk weer herbeklemtoon het. In hierdie beleid het die kerk iets van die Voortrekkerideaal van politieke vryheid (Van den Berg 1960) sien gestalte kry. Dit was ongelukkig 'n groot oordeelsfout wat die kerk in hierdie jare gemaak het. Die apartheidsbeleid was nie 'n ideaal van die Voortrekkers nie en dit was ook nie 'n regverdige en Christelike oplossing vir die rasseprobleem nie – iets waaroor die vadere onverbiddelik was.

Hierdie latere oortuigings dat die apartheidsbeleid (Oosthuizen 1960) tog 'n gestaltegewing van die vryheidsideale van die Voortrekkers is en daarom ook Christelik is, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by verskeie geleenthede teenoor verskillende instansies verdedig (vgl Oberholzer 1969:220-228). Dit is veral die verdediginggesprekke van apartheid teenoor dr R Bilheimer van die WRK op 20 en 28 April 1960, wat vermelding verdien. In hierdie gesprekke is onder andere die volgende gestel:

* die kerk beskou die apartheidsbeleid nie as 'n beginsel nie, maar as 'n werkmetode wat wrywing en diskriminasie moet voorkom;
* apartheid of eiesoortige ontwikkeling is die enigste regverdige oplossing vir die rasseprobleme van ons land; en
* die kerk sien in die agitasie teen apartheid die aanval van ideologiese magte wat die evangelie self wil aantas en die kerk wil vernietig.

By die Cottesloe-beraad het die kerk daarom ook, soos bekend, die apartheidsbeleid verdedig. Wat daarna kerklik gebeur het stel Oberholzer (1969:223) soos volg:

> Dit moet egter beklemtoon word, selfs ná Cottesloe, dat die kerk in die eerste plek by wyse van Artikel III betrokke is by hierdie beleid en dat hy hom steeds uitgespreek het vir die groot beginsel van skeiding ten opsigte van die volksgroepe, omdat hy daarin 'n Christelike oplossing vir 'n probleem sien, langs dié weg 'n praktiese metode vir die uitvoering van sy evangeliese roeping sien en omdat hy in die ywer vir integrasie die kerkvyandelike magte van die wêreld aan die werk sien.
>
> (Oberholzer 1969:223)

Wat van belang is, is die feit dat die Hervormde kerk, ten spyte van sy noue verbondenheid met die volk, die apartheidsbeleid nie meer in die latere jare tot 'n dogmatiese kwessie verhef het nie. Vir die kerk het dit om 'n lewenskwessie gegaan

en nie om 'n leerkwessie nie. Leer het eers ter sprake gekom toe die WRK rasse-integrasie tot 'n teologiese leerstuk verhef het (Oberholzer 1969:225). Die kerk het weens sy noue verbondenheid met die volk, alleen maar gepoog om die vryheidsideale van volk en kerk te dien deur die apartheidsbeleid te steun en die werkmetode van Artikel III in te span.

Juis omdat die apartheidsbeleid vir die kerk (of minstens vir 'n klomp lidmate in die kerk) in die jongste verlede nie meer 'n dogmatiese saak was nie, kon hy hom stelselmatig daarvan distansieer. In *Kerk en Wêreld 2000* (1985:65-71) het die kerk weer, ondubbelsinnig, sy voorkeur vir afsonderlike ontwikkeling uitgespreek. Ten spyte daarvan, kon die kerk ook heel nugter die volgende sê (*Kerk en Wêreld 2000* 1985:66-67):

> Terwyl hy dan kies ten gunte van afsonderlikheid as die toestand waarin hy die graagste sou wou werk en dien (dit gaan dus om die praktyk van kerkwees), moet hy sy lidmate baie duidelik laat begryp dat hulle heil nie hiervan afhanklik is nie, maar slegs van God in Jesus Christus. Dit moet ook vir die lidmate gesê word dat, sou dit gebeur dat dit duidelik word dat afsonderlikheid hoe langer hoe meer 'n onbereikbare ideaal blyk te wees en gemeenskaplikheid die lewenswyse van die toekoms, dit geen afbreuk hoegenaamd hoef te doen aan die wese van die Nederduitsch Hervormde Kerk as kerk van Jesus Christus nie...Die kerk kies dus vir afsonderlikheid, in die geloof dat dit, in die huidige omstandighede, die omstandighede skep waarin hy sy opdrag ten beste kan uitvoer. Hy verpand hom egter nie hieraan nie.
>
> (*Kerk en Wêreld 2000* 1985:66-67)

Teen 1985 het die Algemene Kommissie al besef, dat die politieke omstandighede gaan verander en dat die kerk hom binne hierdie nuwe omtandighede sal moet aanpas. Hierdie 'aanpassing' het onder andere neergekom op 'n ander teologiese aanslag ten opsigte van die politiek. In die Herderlike Skrywe *Kerk en Politiek* van 1990 het die Kommissie 'n afstand teenoor die politiek probeer skep. Daar is onder andere gesê dat 'die kerk nie party-politieke keuses maak nie' (*Kerk en Politiek* 1990:6), dat 'die kerk nougeset daarteen moet waak om nie deur enige wêreldlike mag, politieke party, of owerheid misbruik te word nie', dat 'hy nie sy uitsprake van die verlede verabsoluteer nie, dat 'die kerk 'n afstand moet bewaar ten opsigte van elke politieke model', en dat 'dit altyd sal gaan om die stem van die Kerk in die politiek en nie om die stem van die politiek in die Kerk nie' (*Kerk en Politiek* 1990:7). Op grond van hierdie dramatiese verandering in teologiese denke, kon die Algemene Kerkvergadering van 1992 ook 'n memorandum oor protesoptogte (Van Wyk 1991:716-745) aanvaar waarin ek voorgestel het, dat die kerk hom sterker aan

die Lutherse twee-ryke-leer moet oriënteer om op hierdie wyse van die noue gebondenheid aan 'n bepaalde politieke beleid weg te kom. Wanneer daar nou hier voorgestel word, dat Artikel III en geslote eredienste uit die Kerkwet geskrap word, is dit in lyn met die teologiese ontwikkelinge van die Hervormde Kerk in die laaste twee dekades. Die Hervormde Kerk sien al geruime tyd in dat 'n noue koppeling met 'n politieke ideologie, die kerk groot skade kan berokken.

Nie almal in die kerk deel egter hierdie mening nie. Daar is 'n teologiese rede hoekom sommiges in die Hervormde Kerk nie net 'n noue binding met die 'volk' wil bly handhaaf nie, maar ook dienstigheid aan sy politieke ideale wil bly betoon. 'n Volkskerkteologie wat in 'n bepaalde verbondsopvatting begrond word, maak hierdie noue binding en dienstigheid moontlik (*Kerk en Wêreld 2000* 1985:6). Die verbondsopvatting wat in ons kerk aanvaarding geniet, beklemtoon enersyds die belangrikheid van huisgesin, volk, taal en kultuur. Wanneer hierdie gegewendhede vir die kerk belangrik is, word dit onmoontlik om met 'n radikale antitese tussen kerk en wêreld te werk, aangesien die gedagte van die teokrasie die piëtistiese wêreldvermyding vervang (vgl Pont 1986:56; 1991:788; Van Wyk 1991:770). Andersyds, ten spyte daarvan dat die kerk (*Kerk en Wêreld 2000* 1985:4-6) en sekere teoloë (soos Van Wyk 1991:772) by verskeie geleenthede 'n wesensverwantskap tussen kerk en volk ontken het, is dit juis hierdie verbondsopvatting wat 'n wesensverwantskap wil begrond (soos wat Oberholzer aangetoon het; vgl Van Wyk 1992:41) wat die Hervormde Kerk tot hierdie dwaling van dienstigheid aan die 'volk' se politieke ideale wil verlei.

#### 2.1.1.3 Artikel III as vryheidsartikel

Die ineengevlegdheid van kerk en volk het die idee by die kerk wakker gehou, dat hy 'n besondere roeping ten opsigte van die Afrikaner se staatkundig-politieke en maatskaplike lewe het. Dit was daarom nie vreemd of teologies bedenklik dat die kerk 'n Artikel van die Grondwet van die ZAR as 'n Artikel vir sy Kerkwet kon oorneem nie. Dit is inderdaad die geval met ons huidige Artikel III.

Ons huidige Artikel III (voorheen Artikel II) het deels sy oorsprong in Artikel 9 van die grondwet van die ZAR (Botha 1981:70; Storm 1989:128-129). As morele, godsdienstige, kulturele en politieke antwoord op die gekompliseerde situasie van Suider-Afrika is Artikel 9 van die grondwet van die ZAR geformuleer. Artikel 9 van die grondwet het bepaal: '*Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanken ingezetenen noch in kerk noch in staat*' (my beklemtoning). Op grond hiervan het die kerk dan in die Kerkwet gesê: '*Gelijkstelling tussen blanken en kleurlingen wordt in de Nederduitsch Hervormde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek in geene geval toegelaten*' (my beklemtoning).

Die staat (en met die ondersteuning van die kerk) wou deur hierdie wetgewing verseker dat sy vryheid op geen manier, ook nie vanuit die kerk bedreig en ondergrawe word nie. Omdat die gelykheidsgodsdiens van die Kaapse Kerk juis hierdie konsekwensie ingehou het, is voorsiening hierteen getref. Hierdie voorsiening is in Art 23 van die 1858 grondwet getref, deurdat bepaal is, dat slegs die kerklike gesag van die Nederduitsch Hervormde Kerk erken sou word, aangesien ander kerke die staat se vryheid in gevaar kon stel. Volgens Steenkamp (1989:30-31) was die Artikels 24-26 van die ontwerpgrondwet van 1857 op hierdie saak toegespits. Hierin is die onafhanklikheid van die staat met dié van die kerk verbind. Afhanklikheid van die kerk, sou 'n gevaar inhou vir die onafhanklikheid van die staat en die onafhanklikheid van die kerk sou 'n waarborg wees vir die onafhanklikheid van die staat (vgl Engelbrecht 1953:135).

Vir hierdie rol wat die kerk wou speel, moes hy 'n duur prys betaal. Hy moes met sy vryheid, wat hy juis wou beskerm, betaal. In Art 8 van die 1858 grondwet tref ons die volgende woorde aan: *'Het volk laat de uitbreiding van het Evangelie toe onder de heidenen onder bepaalde voorzorgen tegen bedrog en misleiding'* (my beklemtoning). Die kerk is dus deur die staat toegelaat om die evangelie aan die heidene te verkondig, op voorwaarde dat daar nie 'n inhoud aan die evangelie gegee word, wat met die vryheidsopvatting van die volk in stryd sou wees nie[5].

Artikel III is dus vanweë sy oorsprong 'n politieke vryheidsartikel. Aangesien die kerk so nou aan die staat en die volk gebind was, wou die kerk nie die politieke en maatskaplike vryheid van die volk ondergrawe nie. As 'n simboliese gebaar is Art 9 van die grondwet in 1904 as Artikel II in die kerkwet opgeneem, om op hierdie wyse die kerk se lojaliteit aan die volksideale te demonstreer. Maar soos gesê is, met die verlies van vryheid teenoor die staat en volk.

Die gelykheidsuitspraak van Artikel III kan maklik verkeerd verstaan word, indien dit nie vanuit sy historiese konteks verstaan word nie. 'n Mens sal vandag maklik tot die konklusie kan kom, dat ons hier met 'n growwe stuk rassisme te make het, as die morele (kyk veral Dreyer [1952/53] 1978b), politieke, teologiese en kerklike bedoelings van hierdie uitspraak in die verlede nie in ag geneem word nie.

Naas die politieke en kerklike onvryheid aan die Kaap, was die filantropiese gelykstellingsbeleid van die Britse owerheid ook 'n rede vir die Groot Trek (vgl o a Dreyer [1939] 1978a:5). Hierdie beleid wat deur die *London Missionary Society* aangevuur is, het eerstens daarop neergekom dat die nie-blankes as onskuldige natuurkinders voorgehou is, wat deur die koloniste uitgebuit en mishandel is. Die Boere is aan die buitewêreld as onredelike koloniste voorgehou, wat die inboorlinge van hulle regmatige besittings beroof en hulle op allerlei wyses benadeel (Van der Westhuizen 1981:4). Die inboorlinge is daarom ook teen die Boere aangehits. Die

Engelse het die integrasie van alle mense, groepe en rasse op die basis van hulle gelykwaardigheid as die enigste Christelike oplossing vir die multi-kulturele konflikte in ons land gesien. Die Voortrekkers het hierin 'n groot stuk morele bedrog en politieke onreg beleef en besluit om eerder die Kaap te verlaat.

In die tweede instansie het die Boere in die gelykstellingsbeleid, hulle verlies aan politieke vryheid geanviseer (Wolmarans 1960:233). Die Engelse was van mening dat die inboorlinge gelyke politieke regte met die blankes moes geniet, aangesien hulle ook mense net soos die blankes is. Die boere het hierdie gelykstelling op maatskaplike en politieke gebied verwerp. Hulle wou eerstens hul bloed suiwer hou en tweedens wou hulle hul politieke vryheid behou. Indien die gelykstellingsbeleid van die Engelse deurgevoer sou word, sou die blankes, as minderheidsgroep, etnies, kultureel en polities bedreig word. Daarvoor het hulle nie kans gesien nie.

In die derde instansie het die Boere in die gelykstellingsbeleid van die Engelse ook 'n stuk godsdienstige bedrog gesien. Die swartes is wys gemaak, dat hulle deur die Engelse beskawingsgoedere vir opname in die kerk sou kwalifiseer. Dit was volgens die Boere, godsdienstige bedrog. 'n Lewenswyse kan jou nie vir kerklidmaatskap en die saligheid laat kwalifiseer nie. Ter wille van die waarheid van die evangelie het die boere die gelykstellingsbeleid en die daarmee gepaardgaande kerklike integrasie verwerp. Hulle was van mening dat hulle deur hulle verset teen die Engelse beleid die swartes teen godsdienstige bedrog sou beskerm. Die doelbewuste besluit om die swartes nie in die Hervormde Kerk te akkommodeer nie, het ten doel gehad om aan almal te sê, dat jy nie aan die saligheid deel kry deur die witman se kultuur aan te neem nie. Die swartman kan aan die heil deel kry sonder om van sy kultuur afstand te doen. Die etiese verantwoordelikheid teenoor die evangelie was dus vir die Afrikaner van groot belang. Hy wou uitwys dat geloof nie met kultuuroordrag verwar moes word nie. In die lig hiervan, moet teenoor Steenkamp (1989:32) gestel word, dat die verwerping van die gelyksstellingsidee dus nie net 'n sosiaal-etiese beslissing was nie, maar ook 'n dogmatiese beslissing. Dit wil nie net iets oor politieke oorlewing sê nie, maar ook iets oor regsinnige geloof.

In die vierde instansie het ons voorouers van die 'gevaar van gelykstelling of vermenging' gepraat in terme van die moontlike verlies aan kerklik-teologiese tradisie en identiteit. Die Hervormde Kerk as draer van 'n Christelike erfenis, was bevrees dat integrasie van massas swartmense daartoe sou kon lei, dat die kerk op een of ander stadium afstand sou moes dan van sekere formuliere, belydenisskrifte en liedere. Hy was ook daarvoor bang om met nuwe inheemse belydenisse en liturgiese behoeftes gekonfronteer te word. In die lig hiervan het ons kerk gemeen, dat hy die morele en teologiese reg het om van die 'gevare van gelykstelling' te praat (Pont [1959] 1978:105).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in sy opname van Artikel 9 van die grondwet van die ZAR in sy Kerkwet, 'n gelyksoortige *etiese beslissing* as die staat aangaande die godsdienstige lewe van die swartes en die kulturele voortbestaan en politieke vryheid van die volk gemaak. Die kerk was dit met die staat eens, dat die gelykheidsidee, in sy godsdienstige implikasie teenoor die swartes bedrog, in sy kulturele dimensie vir die blanke identiteitsverlies en in sy politieke konsekwensies vir die Afrikaner vryheidsverlies sal beteken. Op grond van etiese argumente, is die gelykheidsprinsiepe deur ons vadere verwerp (kyk Dreyer [1942/53] 1978b:13-22).

By verskillende geleenthede tot en met 1937 is hierdie Artikel herbevestig. In 1951, met die herskrywing van die Kerkwet, het Artikel II ons Artikel III geword. By hierdie geleentheid het die motief van die volkskerke bygekom. In 1961 is die woord 'gelykstelling' met die woord 'vermenging' vervang. Daarvoor was daar 'n goeie rede: Die kerk wou hiermee herbevestig, dat dit nie vir hom om 'n rassekwessie gaan nie, maar om 'n etiese beslissing. Dit gaan nie vir hom om die meerder- en minderwaardigheid van verskillende rasse nie, maar om die andersoortigheid van die verskillende rasse en dat dit in die verskillende rasse se voordeel is indien hulle apart en eiesoortig ontwikkel en ontplooi. Naas die feit dat Artikel III 'n politieke vryheidsartikel is, is hy dus ook 'n kulturele verantwoordelikheidsartikel. Op hierdie wyse het die kerk, byna 'n eeu na 1888, besluit om konsekwent met die 'Voortrekkerpolitiek' voort te gaan. Daar is vasgehou aan die oortuigings dat die kerk die verantwoordelikheid het om profeties vir die volk se vryheid en identiteitsbewaring op te kom – en dit met die oortuiging, dat dit in verantwoordelikheid teenoor die evangelie geskied.

'n Mens sou kon toegee, dat daar morele, kulturele, politieke en godsdienstige legitimiteit in die volk en kerk se verwerping van die gelykheidsidee was. Waarby ons egter nie verby kan kom nie, is die feit dat die kerk sy vryheid teenoor die staat prysgegee het. Die kerk het nie net toegelaat, dat 'n stuk politieke teorie in sy Kerkwet opgeneem word nie, maar hy het ook toegelaat dat die staat (en later die volk) aan hom voorwaardes stel ten opsigte van die inhoud en wyse van oordrag van die evangelie. Om hierdie rede mag Artikel III nie onveranderd gelaat word nie.

### 2.1.2 Godsdienstige vryheid

Die Hervormde Kerk het sy godsdienstige vryheid in die verlede in terme van geslote eredienste gedefinieer en uitgelewe. Hierdie godsdienstige vryheid het tot 'n groot mate as 'n ondersteuningsbasis van die volk se politieke vryheid gefunksioneer. In hierdie opsig is die kerk as die geestelike waarborg vir 'n ideale samelewing gesien. Die kerk moes daarom nie die voorbeeld vir 'n alternatiewe samelewing wees nie, maar die stabiliseerder van die bestaande een. Om hierdie

rede het die kerk sy praktyk in ooreenstemming met die volk se insigte rondom kultuur en volkereverhoudings ingerig en dit ook binne hierdie verwysingsraamwerk eties geregverdig.

### 2.1.2.1 Aparte volkskerke en die idee van godsdienstige vryheid

Die Nederduitsch Hervormde Kerk was tot dusver van oortuiging, dat hy sy verantwoordelikheid teenoor die evangelie goed nakom indien hy vrye, geslote volkskerke vir die verskillende volke stig en bevorder. Hierdie oortuiging is uit die Afrikaner se vryheidspassie, sy respek vir kultuur en sy verstaan van die liefdesgebod gebore.

* *Volkskerk en vryheid*
  Nie net nasionale vryheid nie, maar ook godsdienstige vryheid was van vroegs af een van die basiese dryfvere in die lewe van die Afrikaner. Hierdie strewe na godsdienstige vryheid is volgens Wolmarans (1960:232) die allerkosbaarste erfenisse en kleinode van die Hollandse Watergeuse en Franse Hugenote. Dít wat hulle nie in Europa gegun was nie, moes hier in Afrika uitgelewe word. Die Afrikaner wou daarom op sy eie manier, in sy eie taal en onder sy eie mense sy godsdiens beoefen. Hierdie wyse van godsdiensuitlewing was daarom in die eerste instansie 'n verpligting teenoor sy Protestantse erfenis en geskiedenis. Hy was verder oortuig, dat hierdie godsdienstige vryheid wat hy vir homself opgeëis het, tot almal se heil sou wees, indien elke volksgroep in Suid-Afrika sy godsdiens in vryheid sou beoefen (vgl Van der Westhuizen 1981:1-13).

* *Volkskerk en kultuur*
  Die voorspraak vir die vrye beoefening van godsdiens deur die verskillende groepe in die land, is deur die Afrikaner se respek vir sy eie en andere se kultuur aangedryf. Hy was, in teenstelling tot die Engelse sendelinge, van oortuiging dat die Christelike godsdiens nie die kultuur van die swartman moes afbreek nie. Die kultuur, elke groep se kultuur en nie net die Engelse kultuur, moes die draer van die evangelie word. So kon Dreyer ([1959] 1978:173) in 1959 die volgende skryf:

  > Die heidense godsdiens is nie iets minderwaardigs en valse duiwelswerk wat maar eenkant geskuif kan word nie, maar 'n geïntegreerde deel van die volk se kultuur en net so goed die voedingsbodem vir die [evangelie as wat] die Westerse kultuur was en is. Hierdie besef bring mee dat ons in ons sendingwerk ook groter eerbied vir die kultuur van die volk waaronder ons werk, moet hê. Ons moet die evangelie bring en nie een of ander kultuur nie.
  >
  > Dreyer ([1959] 1978:173)

In die lig hiervan het die Hervormde Kerk sy apostolêre verantwoordelikheid binne die begrip 'voogdyskap' (Wolmarans 1978a:24-27) vasgevat. Die Hervormers was van oortuiging, dat hulle die verantwoordelikheid het om die swartmense te help, om vanuit die Christelike geloof, hulle kultuur verder te ontwikkel en te ontplooi. Hulle wou nie van die swartmense swart Europeërs[6] maak nie, maar swart Christene. Die Hervormde Kerk het daarom sy apostolêre taak probeer vervul langs die weg van die verinheemsing van die evangelie. Mense soos Wolmarans ([1953] 1978:25) het besef dat die 'voogdyskap' tot volwaardige gelykheid sal ontwikkel. Dit was vir hulle ook goed en reg. Hulle wou aan die swartman menswaardigheid in alle opsigte gun. Waartoe hulle egter nie bereid was nie, was om gelykheid in een verband te deel. Die gelykhede moes apart uitgelewe word, indien die witman nie sy eie kultuur wou ondergrawe nie. Daarom het die Hervormers (en ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk) met die etiek van 'gun-aan-andere'[7] na vore gekom.

* *Volkskerk en die liefdesgebod*
  Hierdie vryheid wat die Afrikaner vir homself opgeëis het, wou hy ook vir die ander volle gun (vgl Wolmarans [1953] 1978:24). Ons volkskerkteologie is daarom nie net begrond in die vryheid van apartheid nie, maar ook in die etiek van 'gun-aan-andere'.

Die belangrike vraag is of ons vadere nie met 'n etiek gewerk het wat nie aan die eise van die liefdesgebod voldoen het nie? Daar is al meermale (o a deur Alan Paton) is daar al gesê dat die Hervormers 'n klomp liefdelose mense is, wat nog nooit deur die Christelike liefdesgebod aangespreek gevoel is nie. Hoekom sou Oberholzer (vgl Van Wyk 1992:30-38) in sy tyd as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering so 'n ernstige poging aangewend het om die kerk tot meer verantwoordbare etiese optredes aan te spoor? Het hy dit nie juis gedoen omdat hy besef het dat die kerk in veranderende omstandighede al makliker van liefdeloosheid beskuldig kan word nie?

Ek is van mening, dat ons voorouers nie mense van bose wil was nie (kyk Van Wyk 1993). Hulle het wel deeglik met die liefdesgebod rekening gehou. Ons vadere het net op 'n ander, en tot op 'n sekere punt, op 'n teologies legitieme wyse met die liefdesgebod omgegaan.

By die Algemene Kerkvergadering van 1893 is daar byvoorbeeld indringend na die liefdesgebod gekyk. Hierdie vergadering wou seker maak dat sy kerkbeleid nie met die liefdesgebod in stryd is nie. Volgens die vadere was die belangrikste vraag in hierdie verband die volgende: Wat is die verhouding tussen werklikheidservaring en werklikheidsomstandighede en die liefdesgebod? Vir hulle was dit nog steeds 'n

uitgemaakte saak, soos ook vir die Voortrekkers, dat die liefdesgebod deeglike rekening met die werklikheid moet hou. Die prinsiep kon nie bokant die werklikheid gestalte kry nie. Hierdie vergadering het daarom gestel (vgl Botha 1981:71):

> De verhouding tusschen mensch en mensch wordt in de H Schriften duidelik voorgeschreven in de gelijkensis van de barmhartigen Samaritaan (Luc 10:30-37) wordende nochtans daardoor het onderscheid tussen witten en swarten, door God gesteld, niet weggenomen, opdat goed worde gezien en uitgesproken, dat wij geene menging tusschen swarten en witten begeren, ook niet in de Kerk.
>
> (Botha 1981:71)

In die gemoedere van die vadere het die volgende konflik geheers: Aan die een kant was daar die verpligting tot gehoorsaamheid aan die liefdesgebod. Aan die ander kant was daar die enorme groot kultuurverskille en vlakke van ontwikkeling (De Wet & Pont 1964:103-106). Die oplossing vir die rasseprobleem in die kerk het vir hulle in aparte ontwikkeling en aparte volkskerke gelê. Nie die integrering in een kultuurverband nie, maar die naas-mekaar bestaan van verskillende kultuurverbande sou die antwoord op die eis van die liefdesgebod wees. Hierdie etiese grondbeslissing om nie net die prinsiep te laat geld nie, maar ook die lewenswerklikheid, sou verder deur ons kerk se geskiedenis 'n kenmerk van ons teologie word. Ons voorvaders het hierdie etiese grondbeslissing ook na die maatskaplike lewe deurgetrek met die oortuiging dat aparte ontwikkeling nie met die liefdegebod in botsing is nie. Trouens, dit was 'n Christelike noodwendigheid, aangesien die evangelie op hierdie wyse die beste gedien kon word. Die argument was die volgende: Die Afrikaners, die nasate van die Hugenote, is die draers van die evangelie in donker Afrika. Om hierdie roeping te kan uitvoer, moet hulle 'n aparte volk en 'n aparte kerk bly en dit was vir hulle nie in stryd met die liefdesgebod nie.

Hierdie verstaan en hantering van die liefdesgebod het die Hervormde Kerk ook instaatgestel om sy profetiese roeping, en wel in terme van 'n maatskappykritiese aangeleentheid, na te kom. Hierdie liefdesbegrip van die Hervormde Kerk het iets van ware besorgdheid en deernis teenoor Afrika uitgestraal. Ons kerk het onder andere by monde van C J Mans (1960) die morele verpligting aangevoel om vir Afrika in die bres te tree. Hy het daarom heftige maatskappykritiek teenoor die supermoondhede uitgespreek wat Afrika vir eie selfsugtige behoeftes kom uitbuit het. Dit was moontlik, op grond van die respek wat hy vir die andersoortigheid van die swartman se kultuur gehad het. Dit sal seker nie te vergesog wees, om die vermoede te hê, dat iemand soos Mans dalk oor 'n paar dekades as 'n man van ware liefde beskryf sal kan word nie. Juis omdat liefde so 'n kultuurgebonde, tydgebonde en epoggebonde saak is, moet 'n mens dalk versigtig wees in jou oordele oor ander mense!

Ten spyte daarvan dat ons nie nodig het om skuldig te voel oor ons kerk se teologiese verlede nie, sal dit kortsigtig wees om te meen dat ons vadere alle wysheid in pag gehad het en dat ons nie nodig het om verder teologies skeppend te wees nie. Twee kritiese vrae sal aandag moet kry (en wel by punt 3.4). Eerstens sal gevra moet word of ons kerk nie die werklikheid met kategorieë beskryf het wat teologies vreemd is nie? Tweedens sal gevra moet word of ons kerk nie deur die loop van jare aan ons vadere se teologiese grondbeslissing ontrou begin raak het nie, aangesien ons nie meer met die voorhande werklikheid nie, maar hoogstens nog met 'n vergange werklikheid rekening hou?

### 2.1.6 Geslote eredienste as simbool van politieke en godsdienstige vryheid

Die Hervormde Kerk het op grond van histories aanvaarbare en verstaanbare teologiese argumente, ongelukkig 'n teologies onaanvaarbare geslote denksisteem en kerklike praktyk gaan skep. Die verdedigbare is in 'n onverdedigbare omskep, deurdat die gebiedende deur 'n verbod ondergrawe is. Die edele van die volkskerkteologie[8] is ongelukkig deur die onedele rigiede geslotenheid van eredienste ondergrawe. 'n Geïdealiseerde sosiale orde (vgl bv Van der Westhuizen 1989:62) het voorrang bo die gasvrye liefde (Moltmann 1979:91) gekry.

Streng gesproke bepaal Artikel III net kerklidmaatskap en nie erediensbywoning nie. Dit bly egter 'n feit, dat die meeste lidmate en talle teoloë van die kerk dit anders verstaan (kyk Steenkamp 1989). Ek is daarvan oortuig dat die kerk nog altyd hierdie twee sake met mekaar verbind het en met mekaar verbind wou sien bly. Verstaan mens die saak vanuit sy historiese konteks, kan 'n mens kwalik tot 'n ander konklusie kom.

Vir die Afrikaner het dit in die verlede nie net om geskeie politieke en kerklike strukture gegaan nie, maar ook om aparte eredienste. Die bewys hiervoor is in die verklaring van die staatspresident op 2 Augustus 1862 te vinde. Op die vraag wat met '*geen gelijkstelling*' bedoel word, het hy geantwoord: '*...niet dezelfde godsdienstige voorrechten in ons kerkgebouw*' (vgl Engelbrecht 1953:134; my beklemtoning). Daar is vasgehou aan die grondwet van 1852-53 en sy uitgangspunt van staatkundige en kerklike onafhanklikheid asook geen integrasie nóg in staat, nóg in kerk. 'n Aparte staat, 'n aparte kerk en aparte eredienste het dus onlosmaaklik met mekaar saamgehang. Hierdie ordereëling was vir die kerk ook geen teologiese probleem nie. Die deurslaggewende argument was nie dogmaties van aard nie, maar eties en onder eties word verstaan: dit wat die vrye voortbestaan van die volk moet dien.

Steenkamp (1989:32-35) wys daarop dat die Algemene Kerkvergadering van 1859 hierdie argument konsekwent verder gevoer het. Geen gemengde eredienste word toegelaat nie, aangesien dit die onafhanklikheid en vryheid van kerk en staat

sou bedreig. Later, op 28 Junie 1872 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die onafhanklikheid van die Transvaalse Kerk teenoor die Sinodale Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk met dieselfde argumente verdedig. Gelykstelling, of integrasie (selfs net in die eredienste) sou 'n gevaar vir vryheid inhou. Die Algemene Kerkvergadering van 1881 het daarom ook die gedagte van nie-gelykstelling as een van die voorwaardes vir kerkvereniging gestel.

Die feit bly staan dat Artikel III (voorheen Artikel II) ook erediensbywoning wou reël. Daar kan min twyfel bestaan, dat die kerk se besluite teen gesamentlike aanbidding, op grond van Artikel III geneem is. Twee voorbeelde waarna verwys kan word is die besluit om nie aan die konvensie van die *Wêreld Sondagskool Assosiasie* in 1940 deel te neem nie (kyk Van Wyk 1978:6) en die 'amperse besluit' om nie aan die stigtingsvergadering van die WRK in 1948 deel te neem nie, aangesien afgevaardigdes daar saam met ander rasse in 'n erediens sou moes sit (kyk Steenkamp 1989:36 se verwysing na die notule van die Algemene Kerkvergadering van 1948). Die kerk het ook in die latere jare konsekwent daaraan vasgehou, dat Artikel III gemengde eredienste afwys. Om net nog enkele voorbeelde te noem: Tydens die Cottesloe beraad in 1960 het die kerk se afvaardiging teen besluit II,6 gestem, wat op gesamentlike aanbidding in die kerk aangedring het. Dit was op grond van hulle verstaan van Artikel III, dat daar so gestem is (kyk Steenkamp 1989:43). Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1961 waartydens daar breedvoerig oor Artikel III gehandel is, is die tradisionele standpunt sonder enige misverstand herbevestig (kyk Steenkamp 1989:43 vir 'n volledige berig oor wat daar gebeur het.)

Vanaf 1963 het die kerk se kaarte egter deurmekaargeraak. In die pogings om Artikel III teenoor die ekumeniese wêreld te verdedig, het daar onsekerheid ingesluip oor die vraag of daar toegegee moet word, dat Artikel III wel ook erediensbywoning bepaal. Die Nederlandse Hervormde Kerk het in sy Herderlike Skrywe van 1963, getiteld, *Het Rassenvraagstuk* die volgende stelling (soos aangehaal by Van Wyk 1978:245) gemaak:

> Een kerk, tot welke niet-blanken geen toegang hebben, heeft op dit punt opgehouden christelijke kerk, gemeente van Jezus Christus te zijn.
>
> (Van Wyk 1978:245)

Die Algemene Kommissie antwoord in 1963 in sy geskrif *Gelyke Geleenthede* (Van Wyk 1978:246-247) soos volg:

> Indien dit 'n aanval op Art III van die Kerkwet...moet wees, is dit 'n aanval wat die doel verbyskiet. Immers, daar bestaan in ons kerk wel 'n kerkordelike reëling in verband met die formele lidmaatskap van die kerk maar daar word geen reëling getref ten opsigte van die toegang tot die godsdiensoefeninge van ons kerk op Sondae nie.
>
> (Van Wyk 1978:245)

Wat nou ook al as verduideliking van die Kommissie se standpunt aangevoer mag word (vgl Steenkamp 1989:45-46), sal nie die indruk kan ontkom dat die Kommissie na alle waarskynlikheid besef het dat die kerk se eredienste nie geslote kan wees nie.

In 1973 het die kerk met sy *Herderlike Skrywe* die standpunt van die Kommissie in 1963 gerepudieer. Die *Herderlike Skrywe* stel die volgende:

> Die kerk spreek hom skerp en ondubbelsinnig uit teen elke vorm van integrasie, kerklik, maatskaplik en biologies, as hy dit pertinent stel dat hy geen vermenging in sy midde toelaat nie. Dit is vir hom 'n uitgemaakte saak dat integrasie op een van die drie gebiede noodwendig integrasie op die ander gebiede tot gevolg moet hê.
>
> (Van Wyk 1978:260)

Verder stel dit ook nog:

> Waar die kerk in Art III dit duidelik uitspreek dat hy integrasie op politiek-maatskaplike gebied verwerp en daarmee kies vir afsonderlike ontwikkeling, daar stel hy teenoor die verwerping van kerklike integrasie baie duidelik en uitgesproke sy beleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volksgroepe.
>
> (Van Wyk 1978:264)

Die kerk was oortuig, dat hierdie beginsels kompromisloos en onbuigsaam toegepas moes word. Geen swart bediende sou byvoorbeeld toegelaat word om 'n erediens van 'n blanke gemeente by te woon nie, aangesien dit die begin van die einde sou wees.

En dan stel die *Herderlike Skrywe* uiteindelik:

> Die kerk wil weer eens beklemtoon dat dit vir hom in die onderhawige saak nie slegs om 'n tussentydse reëling gaan nie, maar om 'n blywende en onveranderlike beginsel wat Skriftuurlik gefundeer is.
>
> (Van Wyk 1978:261)

Ten spyte van hierdie tradisiegetroue standpunt, moes die kerk op grond van die maatskaplike werklikhede van 1973 sy geslote denksisteem begin afbreek. Daar word 'n uitsondering toegelaat, naamlik toevallige staatsgeleenthede. Daar is gesê:

> Dit sou 'n absurde konklusie wees as beweer sou word dat ons kerk volgens sy standpunt in Art III nie teenwoordig sou kon wees byvoorbeeld by die inhuldiging van 'n staatspresident of by die begrafnis van 'n nie-blanke polisieman wat op die landsgrense mag sterwe vir die veiligheid van die land nie.
>
> (Van Wyk 1978:271)

Tot en met 1976/77 kon die kerk met hierdie rigiede standpuntinname (ten spyte van die krakie wat deur 'n gewetenskonflik rondom die liefdesgebod veroorsaak is) voortgaan. Die Algemene Kerkvergadering van 1976 roep die gelowiges op tot verantwoordelike Christelike naasbestaan van die verskillende rasse in ons land, terwyl hy daarop wys dat die kerk by sy keuse van afsonderlikheid wil hou. Die Kommissie stel in sy getuienis van 1977 dit verder duidelik dat hy die oproepe tot gesamentlike aanbidding verwerp, aangesien hy nie die nodigheid daarvan ten opsigte van kerklike eenheid kan insien nie (vgl Van Wyk 1978:278).

Na 1977 het die kerk meer en meer in sy standpunt begin wankel. Op 15 Junie 1978 het die Kommissie 'n *Omsendskrywe* uitgestuur. Daarin word riglyne ten opsigte van erediensbywoning neergelê. Op grond van die 1973 *Herderlike Skrywe* is die volgende afleiding gemaak:

> Die Herderlike Skrywe van 1973 stel die standpunt van die kerk ten opsigte van die bywoning van normale eredienste deur nie-blankes. Wat besondere eredienste betref, soos sekere begrafnisdienste, word daar in die Herderlike Skrywe ruimte gelaat vir die bywoning daarvan deur anderskleuriges.

Dit is duidelik dat die Kommissie met die skep van die kategorie 'besondere eredienste' die kerk nie langer teen die maatskaplike wordingsproses in Suid-Afrika kon beskerm nie. Daar sou wel gesê kon word, dat die Kommissie in stryd met die kerklike beleid opgetree het, maar ek is eerder van mening, dat die werklikhede die beginsel onwerkbaar begin maak het – en dit het die Kommissie ingesien. Die Moderamen veral, het besef dat die kerk nie met sy tradisionele houding, onbelemmerd en ongeskonde in 1980 kerk kan wees nie. Om hierdie rede het die Moderamen in die *Nuusbrief* van 15 Februarie 1980, kerkrade aangemoedig om ruimte te skep vir die bywoning van begrafnisdienste deur swartes.

Vanaf die Algemene Kerkvergadering van 1986 het die diepgaande verskuiwing in die denke van die kerk oor Artikel III en geslote eredienste duidelik en finaal na vore gekom. Tydens hierdie vergadering is die bespreking oor geslote eredienste nie meer in samehang met Artikel III gevoer nie, maar in samehang met die apostolaat. Hiermee wou minstens die Kommissie aandui, dat Artikel III volgens hulle nie

erediensbywoning reël nie. Maar hoekom nie? Daar kon tog geen twyfel daaroor bestaan het dat Artikel III dit wel doen nie! Na my mening is daar net een werklike verklaring en dit is dat die Moderamen besef het dat geslote eredienste (nou nie net meer begrafnisdienste nie) met die Christelike liefdesgebod in botsing is en dat die publisiteit hieromtrent vir die kerk 'n verleentheid word. Om hierdie rede het die Kommissie in sy *Herderlike Skrywe* van 1 Julie 1986 met die volgende woorde afgesluit:

> Ten slotte wil ons by herhaling daarop wys dat Artikel III lidmaatskap reël en dat hierdie artikel nie gebruik moet word as argument teen die bywoning by geleentheid van eredienste deur ander persone nie.

Niemand sal die feit kan betwyfel dat die kerk van sy tradisionele posisie afgewyk het nie. Die vraag is net: hoekom? Daar is drie moontlike antwoorde. Eerstens kan beweer word, dat die kerk 'n beginselstandpunt gehad het wat nie die gang van die geskiedenis kon oorleef nie. Tweedens kan beweer word dat die kerk se standpunt in die verlede, in die maatskaplik-politieke klimaat van die tyd ingebed was. Dit was dus nie 'n suiwer teologiese standpunt nie, maar ideologies ingekleur deur die gees van die tyd. Soos wat die omstandighede verander het, so moes die kerk sy standpunt ook aanpas. Derdens kan beweer word, dat die kerk sy standpunt in die verlede op 'n teokratiese begrondingsamehang gebou het, en dat die kerk aan sy eie teologiese tradisie ontrou geword het (Steenkamp 1989:50-64). Die kerk het sy onveranderlike 'Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing' verloën, deurdat hy begin toelaat het dat die politiek van die dag sy standpunt bepaal. Ek is van mening dat die eerste moontlikheid die rede vir die kerk se veranderde standpuntinname is. Ek sien dit ook nie as 'n swakheid nie, maar eerder as 'n positiewe teken binne die Hervormde Kerk. Die kerk het bewys dat hy by veranderde omstandighede kon aanpas. Hy moet dit ook nou weer bewys, deur grootmoedig van uitgediende ordereëlings afstand te doen.

## ENDNOTE

1. Die volgende dogmatiese en etiese argumente kan teen geslote eredienste aangevoer word:

    * As Calviniste glo ons dat Christus vir Hom 'n gemeente (net een gemeente) uit die hele menslike geslag versamel het (HK 54). Dit is dogmaties 'n onmoontlikheid om by 'n kerkordelike reëling uit te kom waar sommige van hierdie uitverkorenes verbied word om ooit saam met sekere ander uitverkorenes in 'n erediens van Hom wie ons uitverkies het, te wees.

* Die kerk is die liggaam van Christus. Dit is ondenkbaar, dat een kerk 'n ander kerk se lidmate nie met die nodige gasvryheid sal wil ontvang nie. Mense wat 'n gemeenskaplike Vader, 'n gemeenskaplike geloof en 'n gemeenskaplike toekomsbestemming het, kan mekaar tog nie toegang tot eredienste weier nie.
* Die katolisiteit van die kerk laat 'n geslote eksklusiwiteit net eenvoudig nie toe nie.
* Die uitnodiging na die erediens is 'n ope uitnodiging. Dit is 'n ope uitnodiging, aangesien dit Christus is wat hierdie uitnodiging rig. Hy wil en sal niemand uitsluit nie.
* Die erediens is Christus se erediens, dit is nie 'n volk se erediens nie. Christus bepaal volgens sy voorskrifte wie sy erediens moet en mag bywoon. Dit is nie 'n volk wat volgens sy voorskrifte kan bepaal wie Christus se erediens mag bywoon al dan nie.
* Die wegwys van mense by 'n erediens van Christus, die man van die liefde, is in stryd met die liefdesgebod wat Hy ons geleer het. Die Christelike godsdiens as die godsdiens van die liefde, laat daarom nie ruimte vir kultiese praktyke wat met liefdeloosheid getipeer kan word nie.
* Die praktyk van geslote eredienste, wat op niks anders as hoogmoed neerkom nie, is duidelik met sekere gelykenisse soos dié van Lukas 14:7-14 in stryd.
* Die wegwys van mense is in stryd met die etiek van Jakobus 2. Op geen manier mag ons mense op grond van hulle uiterlike voorkoms rondom kerklike aktiwiteite verneder nie.

2. Kyk Sauter & Stock (1976:150-158) vir 'n volledige oorsig oor die teologiese gebruik van begrippe.
3. Ek poog om van die ou, afgesaagde debat rondom die eenheid van die kerk weg te kom. Hierdie saak is nou al tot vervelens toe gedebatteer. Vir dié debat kyk veral De Wet & Pont (1964:106-120).
4. Kyk ook die verdere literatuur waarna Pont hier verwys.
5. Ek is bewus van ander interpretasiemoontlikhede wat aangebied word. Al sou daarop gewys word dat hierdie Artikel om ander redes in die Grondwet en die Kerkwet opgeneem is, is ek daarvan oortuig dat, die hele werklikheidskonteks in-ag-genome, 'n mens nie by 'n ander konklusie kan uitkom nie.

6. Selfs prominente swartmense soos Malcolm X is erg teen die integrasie-ideologie gekant (vgl Labuschagne 1991:821-823).

7. Die etiek van 'gun aan andere' was tiperend van die Afrikaner se etiese denke. Vir die gebruik hiervan binne Nederduitse Gereformeerde Kerk geledere kyk Kinghorn (1986:96-98; 169-175).

8. Selfs een van ons kerk se grootste kritici, Jürgen Moltmann (1975:383-388) is ten gunste van vrye 'volkskerke'.

## Literatuurverwysings


Botes, H J 1991. Kerk en volk in die bedeling na 1900. *HTS* 47, 800-809.

Botha, S J 1981. *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848-1920: Sy lewe en betekenis.* Pretoria: HAUM.

—— (red) 1989. *Belydende volkskerk.* Pretoria: Kital.

De Wet, J I & Pont, A D 1964. Die vraekompleks rondom Artikel III van die Kerkwet. *HTS* 19/3 & 4, 103-137.

Dreyer, J [1939] 1978a. Gelykstelling, in Van Wyk 1978:4-7.

—— [1952/53] 1978b. Ons rasseprobleem (1-4), in Van Wyk 1978:13-22.

Dreyer, P S [1959] 1978. Die ontwerp van 'n sendingbeleid in die huidige situasie, in Van Wyk 1978:164-175.

Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: HAUM.

—— [1929] 1978. Die groot vraagstuk, in Van Wyk 1978:3-4.

Kerk en Wêreld 2000 1985. Pretoria: Kital.

Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan.

Koekemoer, P J T [1961] 1978. Die opgewondenheid oor die kritiek op Artikel III, waarom? in Van Wyk 1978:121-125.

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1963. Gelyke geleenthede, in Van Wyk 1978:242-257.

—— 1973. Herderlike Skrywe van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die lidmate van die kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkereverhoudings in die Republiek van Suid-Afrika, in Van Wyk 1978:258-272.

—— 1978. Bywoning van besondere eredienste deur swartes. Pretoria: Komm AKV.

—— 1986. Herderlike Skrywe aan die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: Komm AKV.

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1990. Kerk en Politiek: 'n Herderlike skrywe, uitgestuur deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: Komm AKV.

Labuschagne, J P 1991. 'Kerk' en 'volk' uit die hoek van die moderne samelewingsteologieë. *HTS* 47, 810-824.

Mans, C J 1960. Die kerk se visie op die ontwikkelende situasie in Afrika. *HTS* 16, 249-256.

Moderamen. Begrafnisdienste. *Nuusbrief*, 15 Februarie 1980.

Moltmann, J 1975. *Kirche in der Kraft des Geistes: Ein Beitrag zur messianischen Ekklesiologie*. München: Kaiser.

— 1979. *Menschenwürde, Recht und Freiheit*. Stuttgart: Kreuz.

Nordholt, H H 1983. *Apartheid und Reformierte Kirche: Dokumente eines Konflikts*. *Neukirchen*: Neukirchener Verlag.

Oberholzer, J P 1969. Die kerk en die staatkundig-kulturele vlak van die volkslewe. *HTS* 25/3 & 4, 219-228.

Oosthuizen, A J G 1960. Die kerk se visie op die resente gebeure in Suid-Afrika. *HTS* 16, 243-248.

— [1949/50] 1978. Die Christelike kerk en die Nie-Blanke (1, 2 & 3), in Van Wyk 1978:7-13.

Pannenberg, W 1986. Heiligung und politische Ethik, in Pannenberg, W, *Christliche Spiritualität*, 59-81. Göttingen: Vandenhoeck. [KVR 1519.]

Pont, A D 1969. Kerk en volk. 'n Bespreking na aanleiding van die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1888. *HTS* 25/3 & 4, 202-218.

— [1959] 1978. Artikel III van die kerkwet kerkregtelik gesien, in Van Wyk 1978:101-109.

— 1986. Verbond en volkskerk. *HTS* 42, 28-76.

— 1991. Die verhouding 'kerk en volk' in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: 'n Terreinverkenning. *HTS* 47, 783-799.

Sauter, G & Stock, A 1976. *Arbeitsweisen Systematischer Theologie: Eine Anleitung*. Kaier: Grünewald.

Steenkamp, J J 1989. Artikel III bepaal erediensbywoning sowel as lidmaatskap. *Leer- en Lewenskwessies in Suid-Afrika* 12, 26-64.

Storm, M 1989. *Die Voortrekkerkerk 1836-1853*. Pretoria: KITAL.

Van den Berg, C L 1960. Kerk en owerheid, en die rassevraagstuk in Suid-Afrika. *HTS* 16, 201-231.

Van der Westhuizen, H G 1981. *Volkskerk en sending*. Pretoria: HAUM.

— 1989. Volkskerk as normale kerkbeskouing, in Botha 1989:48-85.

Van Wyk, D J C (red) 1978. *Stemme uit die verlede I: Volkereverhoudings in Suid-Afrika*. Pretoria: HAUM.

— 1991. Kerk en volk. *HTS* 47, 768-782.

— 1992. J P Oberholzer: 'n Waardering. *HTS* 48, 17-55.

Van Wyk, I W C 1991. Protesoptogte en die rol van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 47, 716-745.

— 1993. Die Ned Gereformeerde Kerk en die kettery van apartheid. *Die Hervormer*, 15 Mei, bl 5 en 6.

Wolmarans, H P 1960. Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS* 16, 231-239.

— [1953] 1978. Die Christelike plig van die Blankes teenoor die Nie-Blankes in Suid-Afrika, in Van Wyk 1978:22-27.